

Sing vooraf staande: Psalm 150:3 (p. 719)

- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 45:10, 16 (p. 232)

- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.
- 16 Ek sal, o Vors, U eer bewys, / u Naam deur die geslagte prys.
Die volke sal, in U verblyd, / U loof vir ewig en altyd.

Gebed

Psalm 43:3, 4 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde^{en} lied;
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n eewige vreugde bied.

Skriflesing: Markus 15

Teks: Markus 15:12-15; Kategismus Sondag 15

Toe antwoord Pilatus weer en sê vir hulle: Wat wil julle dan hê moet ek doen met Hom wat julle Koning van die Jode noem? En hulle skreeu weer: Kruisig Hom! Maar Pilatus sê vir hulle: Watter kwaad het Hy dan gedoen? Hulle skreeu toe nog harder: Kruisig Hom! En omdat Pilatus aan die skare hulle sin wou gee, het hy Barábbas vir hulle losgelaat; en nadat hy Jesus laat gésel het, het hy Hom oorgelewer om gekruisig te word. (Markus 15:12-15 AFR53)

Hierdie gedeelte is werklik die kern waarom die hele Bybel draai: Die dieptepunt van Christus se lyding en sy kruisiging – vir ons.

As ons die gedeelte lees, het ons te doen met twee stellinge geweldige teenstrydighede wat net nie wil rym nie, tensy ons die hele saak uit 'n geloofsoog bekyk.

- Die eerste een is dit:
 - Pilatus vind die Here Jesus Christus baie duidelik onskuldig, en hy verklaar die Here Jesus Christus ook formeel onskuldig.
 - Maar nogtans laat hy Hom kruisig.
- Die tweede teenstrydigheid is dit:
 - Daar kom vir onregverdigde mense verlossing
 - omdat 'n Regverdigde tot 'n vloek gemaak word – wat Hy nie is nie.

Nou kyk ons net baie kortliks na die betekenis van die Here Jesus Christus se veroordeling.

- Dit is nie sommer net *toevallig* dat hierdie heiden, Pontius Pilatus, se naam in ons Bybel en in ons belydenis staan nie.
- Niks gebeur per toeval nie.
- Dit is omdat God 'n bepaalde manier vasgestel het waarop die Here Jesus Christus moes sterf.

Dink net aan die verskillende moontlikhede waarop Christus doodgemaak kon word:

- Herodes kon Hom al in Betlehem doodgemaak het.
- Of die inwoners van Nasaret kon Hom al oor die rand van die afgrond afgegooi het.
... en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi. (Lukas 4:29 AFR53 AFR53)

Maar nie een van hierdie maniere sou enige regsgeldigheid hê nie – en dit is een van God se vereistes!

- Die hoogste uitvoerende gesag in die destydse wêreld was die keiser.
- Dit was ook die geval hier in die Joodse staat.

Daarby was die keiser op sy beurt 'n stadhouer van God. Dink maar net aan Spreuke 8:15:

Deur my regeer die konings en stel die maghebbers vas wat reg is;
(Spreuke 8:15 AFR53)

- Al is dit 'n heidense keiser, stel God dit baie duidelik in Romeine 13 dat Hy nogtans deur hulle regeer en regspraak, om die goeie te beskerm en die bose te bestraf.
- Pontius Pilatus is die arm van hierdie Romeinse keiser in Jerusalem.

Dit is duidelik dat Christus deur 'n regbank veroordeel moes word.

- Dit is waar Pontius Pilatus in God se raadsplan inpas.
- Het Judas nie die Here ook onskuldig verklaar nie?

en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien! (Matteus 27:4 AFR53)

- Hy het, maar daar moes 'n amptelike regsverklaring wees deur 'n aardse regter – dit was Judas nie.
- Verder is dit so dat, agter die regter Pontius Pilatus se regterstoel, die Regter van hemel en aarde gestaan het – die ewige almagtige God.
 - Dit is eintlik ironies dat hierdie man nie daardie dag besef het dat hy in God se Naam sy regspraak beoefen nie!

Dit bring ons by die saak waarom Christus daar gestaan het.

- Hy was daar in ons plek.
- Om ons in die hemel te kry moes Hy onnoembare lyding ondergaan as 'n straf om ons sondes met God te versoen.
- Die ergste het hierdie dag plaasgevind – dink net aan die spanning wanneer jy in die hof heeltemal onskuldig verklaar word, maar jy moet nogtans tronk toe gaan.
 - Dit het hier gebeur.
 - Daarmee word dit ook dadelik duidelik dat die straf wat die Here Jesus Christus moes dra, ook nie vir sy eie sondes was nie, want Hy was regverdig.

Vir wie en waarvoor het die Here Jesus Christus dan gesterf?

- Die Jode wat daar gestaan het, het eintlik profeties geskreeu dat sy bloed op **ons en ons kinders** moet wees.
- Hulle het dit in woede bedoel, maar die ironiese was dat Christus toe werklik gesterf het vir **ons en ons kinders** – tot verlossing.

Toe is vervul wat op talle plekke in die Ou Testament voorspel is, byvoorbeeld Jesaja 53:3, 5, 10, 11.

Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. (Jesaja 53:3 AFR53)

Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jesaja 53:5 AFR53)

Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees. Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdigde, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. (Jesaja 53:10-11 AFR53)

Dit is dan ook hoe dit gebeur dat ons in God se oordeel – waar geen sondaar kan oorleef nie – tog kan oorleef, en selfs vrygespreek word.

Dit stel ons ook nog voor die probleem van die kruisiging. Hulle het mense in daardie tyd net so maklik gestenig of onthoof! *Waarom is Jesus juis gekruisig?*

- Die antwoord is dat ons ten diepste weer met 'n geheim in God se raad te doen het.
- God het bepaal dat dit die enigste straf is waarmee Hy tevrede sou wees.
- En daarom het Hy van vroeg af al ook dié straf vervloek. Dit staan in die Ou Testament dat elkeen vervloek is wat aan 'n hout hang.

... dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie. (Deuteronomium 21:23 AFR53)

Hierdie dood is ook erger as enige ander dood van daardie tyd.

- Die mense het dikwels lank daar gehang.
- Die son het hulle gebrand.
- Hulle het gebloei.
- Hulle het koors en bloedvergiftiging opgedoen van die geroeste yster wat deur hulle hande en bene gekap is.
- As gevolg van die konstante en verskriklike pyn is hulle geestelik ook afgebreek tot so laag as wat kan kom.

Die hele beginsel agter die kruisdood was daarop gemik om die afsku van die mense op te wek.

- Dit was veral so by die gelowiges wat besef het dat hierdie manier van mense doodmaak nie God se guns weggedra het nie.
- Dit is ook inderdaad gesimboliseer in die kruisdood self, want die mense hang tussen hemel en aarde – nie by die mense nie, en ook nie by God nie!

Kom ons kyk nog net na die betekenis of die gevolge wat hierdie kruisdood vir die gelowiges gehad het.

- Die Here Jesus Christus is op hierdie aarde gekruisig omdat die hele struktuur van die mense en die samelewing daarop nie 'n fondament kon bied waarop God se koninkryk in hierdie lewe op hierdie aarde gevestig kon word nie.
 - Daarom word die Here Jesus Christus hier doodgemaak – maar juis sodat Hy iets beters kan gaan voorberei.
 - So kom die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Maar deur hierdie lyde en kruisdood verander sekere van die mense ook.
 - Die uitverkorenes word verander in hulle hele wese – van vervloektes en besmettes tot heiliges en reines.
 - So word ons deur hierdie daad van die Here Jesus Christus nuwe mense wat in 'n nuwe verhouding tot God staan.

Nou moet ons kyk waar ons staan met al hierdie feite.

- Ons geloof moet die Here Jesus Christus se onskuld en sy veroordeling as inhoud hê.
- Maar die lyding wat Christus in sy onskuld en in sy veroordeling ondergaan het, moet 'n konstante appèl op ons gewetens plaas sodat ons 'n gepaste lewe kan lei deur die kruisgenade.
- Deur Jesus Christus gee God ons die vermoë om onself, in ons reinheid, in die hiernamaals te kan sien.
- En as ons hierdie vêrsiendheid deur die geloof het, moet dit altyd deurwerk in ons lewe sodat ons enersyds volhard in die goeie en ons andersyds bekeer van die sondes wat nog in ons leef.

Dit is natuurlik so dat hierdie dinge vir ons – en vir alle mense – al hoe moeiliker sal word om te glo, al hoe verder die tyd vorder.

- Daarom sal die geloofseis ook al hoe swaarder word.
- Maar juis ook daarom moet ons werk maak van die dinge, en ons geloof in onself oefen en ons kinders se geloof met onderrig vestig, terwyl die klimaat nog gunstig genoeg is om dit te doen.

Die hele saak is duidelik: As ons dit nie nou doen nie, en ook nie die geleentehede benut om ons geloof sterk te maak nie, gaan die kruisdood van die Here Jesus Christus vir ons later dieselfde verleentehede skep as wat dit vir Pontius Pilatus geskep het, en mag ons dit dalk net so teenstrydig en verkeerd hanteer.

Kom ons lees Kategismus Sondag 15 saam.

Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?

Antwoord: *Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).*

(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b).
(a) Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie:

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b)
(a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 135:1 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 23 April 2006
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 6 Mei 2012